

**3 Mei**

**Skrifgedeelte: Hebreërs 4:12-16**  
**Fokusgedeelte: Hebreërs 4:12**

### **Die Woord is skerper as die skerpste swaard**

Ons is soms so bang om op mense se tone te trap. So bang om iets te sê wat moontlik kan aanstoot gee. Aan die ander kant is ons God se getuies hier op aarde. Maar ... hoe moet ons dan getuig? Moet ons só getuig dat ons juis nie deur ons woorde aanstoot gee nie?

Hier hoor ons egter dat die Woord van God skerper is as enige tweesnydende swaard. En 'n swaard sny en skei.

Die Joodse gelowiges aan wie hier geskryf word, het stadig maar seker in die geloof begin verslap. Daarom word hulle aangemoedig om in die geloof te volhard. Hulle moes opnuut besef dat alleen Jesus Christus vir hulle verlossing kon bewerk. Daarom moes hulle Hom met oorgawe en toewyding dien en navolg.

Jesus Self het nie op aarde daarvan weggeskram om die waarheid helder en duidelik en reguit te verkondig nie. Hy het met die swaard van die Woord gesny. Tog het Hy altyd die Woord in liefde vir sy toehoorders gebring. Sommige het Hom by die aanhoor van sy woorde in wederliefde nagevolg. Ander het die rug op Hom gedraai. Só het die swaard van die Woord gesny en geskei.

Ook waar ons die Woord in waarheid bring, sal daardie Woord alle weerstand deurdring. Al voel dit vir ons ... al lyk dit vir ons ... of ons hier te staan kom voor 'n ysterklip-hardvogtigheid. Want die krag van die Woord is só groot dat dit skei wat onskeibaar lyk ... dit skei siel en gees ... dit skei gewrig en murg. Wat 'n mens nie kan verdeel of skei nie ... dit skei God deur sy Woord.

Duidelik is dit nie God se getuies wat die skeiding bewerk nie. Getuies moet net getuig. Maar, God Self bring die skeiding deur sy Woord wat lewend en kragtig en skerper is as enige tweesnydende swaard. Bring daarom God se Woord sonder ophou. Daarvoor gebruik Hy elkeen van ons.

*Sing: Psalm 119:33, 39 (1936)*

*Dr. JH Howell (Heidelberg)*